# KONINKRYKSTYD

**Juniemaand is JEUG-maand.**
Laai die DinkJeug Families app af luister, lees, gesels en bid saam.



## HUISGELOOF

### VEILIG

### GEN 12 EN PS 33

## OMGEE

'n Nagliggie help kinders om saans nie bang te wees vir die donker of eensaam te voel nie. Vertel van hoe jy veilig geslaap het to jy klein was, dalk met 'n spesiale teddie of 'n kombersie. In **Jeugmaand** dink ons daaraan dat elke kind die reg het om veilig en geliefd te voel.

## GESELS

Abram word geroep en geseën en die Here gee aan hom 'n belofte en 'n opdrag.
**Lees: Gen 12:1-9**

- Hoe dink jy het Abram gevoel toe hy die Here se woorde gehoor het?
- Watter beloftes gee God aan hom?
- Watter opdrag gee Hy?
- Hoekom dink jy het Abram en sy familie dadelik getrek?
- Hoe sal jy voel in moeilike omstandighede as jy weet: God seën my en is by my...?

## DOEN

Dink aan 'n kind of jongmense by die skool of in julle gemeenskap wat tans 'n uitdaging beleef. Op watter praktiese manier kan julle hierdie week 'n seën vir hom/haar wees?

## BID

Gebruik **Ps 33:1-12** as 'n gebed. Bid ook vir die **veiligheid** van kinders, kinders in uitdagende omstandighede, maatskaplike werkers en kinders in nood.

DINK JEUG Families

**Laai die DinkJeug Families app gratis af:**

Google Play:

Apple iStore: